# Les 21 KONINGSKINDERS: DIE HERE WYS HY BREEK DIKTATORS STUKKEND OM SY KINDERS UIT HULLE MAG TE KRY

## 1. Die Here maak dat boelies aanhou verkeerd doen

Ons is nou by die agtste plaag. Dit is die agtste keer dat die Here die boeliekoning en sy volgelinge gaan seermaak. Dink julle dit is omdat die boeliekoning so sterk is dat hy aanhou om nie na die Here te luister nie? Kom ons lees Exodus 10 en kyk hoekom die koning elke keer ongehoorsaam is aan die Here.

*"Daarna het die Here vir Moses gesê:* ***"Gaan na die farao toe, want Ek het hom en sy amptenare onversetlik gemaak sodat Ek hierdie wonders van My onder hulle kan doen****.* 
*[2]Dan kan jy aan jou* ***kinders en kleinkinders*** *vertel wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het en watter wonders Ek onder hulle verrig het om julle te laat besef dat Ek die Here is."* Ex 10

'Onversetlik' beteken dat 'n mens na niks en niemand luister nie, en net aanhou om te doen wat jy wil. Wie maak die koning en sy ondersteuners onversetlik? Dit is die Here. Dit is nie die koning wat so sterk is, of sy ondersteuners wat so sterk is nie. Dit is die Hére wat maak dat hulle nie na Hom wil luister nie.

Dit is 'n baie belangrike waarheid wat ons moet raaksien. Baiekeer dink ons dat boelies en hulle maats aanhou om verkeerd te doen en nooit na die Here luister nie, omdat hulle so sterk en groot en baie is. Maar dit werk heeltemal anders. Die Here máák sulke mense dom. Hy maak dat hulle só sterk, só groot en só magtig voel, dat hulle nie kan sien dat die Here besig is om hulle mag te breek nie.

Kyk wat sê die Here vir Moses hoekom laat Hy hulle aanhou verkeerd optree: sodat hulle eendag vir hulle kinders en hulle kleinkinders kan vertel hoe die Here die grootste, sterkste en magtigste koning van die hele wêreld, só dom gemaak het dat die Here Hom stukkend gebreek het.

Dit is die Hére wat mense so dom maak dat hulle aanhou om nie na Hom te luister nie.

## 2. Die koning en sy ondersteuners wil net máák asof hulle na die Here luister

Die Here gaan die Egiptenare wéér seermaak met 'n plaag. Hierdie keer is dit met sprinkane. Kom ons kyk hoe die Here hulle wéér eers 'n kans gee wat hulle nie gebruik nie, en Hy hulle dan seermaak.

*"[3]Moses en Aäron het toe na die farao toe gegaan en vir hom gesê: "So sê die Here die God van die Hebreërs: Hoe lank gaan jy nog weier om jou aan My te onderwerp? Laat my volk gaan om My te dien!* 
*[4]As jy weier om my volk te laat gaan, bring Ek môre 'n sprinkaanplaag oor jou land.* 
*[5]Die land sal so toe wees onder hulle dat 'n mens nie die grond sal kan sien nie. Hulle sal elke groenigheidjie afvreet wat oorgebly het na die hael, selfs dié van elke boom wat weer uitloop.* 
*[6]Hulle sal oral in jou paleise wees, in die huise van al jou amptenare en van elke Egiptenaar. So iets het julle en al julle voorvaders nog nooit gesien vandat hulle in die land is tot nou toe nie."Toe het Moses omgedraai en van die farao af weggegaan.* 
*[7]Die amptenare sê toe vir die farao: "Hoe lank gaan dié man nog vir ons moeilikheid gee? Laat hulle nou maar gaan om hulle God, die Here, te dien, maar net die mans. U sien tog dat*

*Egipte te gronde gaan."[8]Toe is Moses en Aäron na die farao toe teruggebring en hy sê vir hulle: "Gaan dien julle God, die Here! Maar wie gaan almal saam?"[9]Moses antwoord: "Ons gaan almal, met ons jong manne en ons ou manne,* ***met ons seuns en ons dogters,*** *met ons kleinvee en ons grootvee, want ons moet vir die Here 'n fees gaan hou."[10]Maar die farao sê vir hulle:* ***"Die Here is net so min met julle as wat ek julle vrouens en kinders saam met julle sal laat gaan. Julle het 'n verkeerde ding in die kop.*** *[11]So sal ek dit nie toelaat nie! Net die mans gaan! Gaan dien die Here; dit is mos wat julle nog altyd vra!"Toe is hulle van die farao af weggejaag.[12]Daarna het die Here vir Moses gesê: "Steek jou hand uit oor Egipte dat daar sprinkane oor die land kan kom om elke groen sprietjie op te vreet wat van die hael oorgebly het."[13]Toe steek Moses sy kierie oor Egipte uit, en die Here het daardie hele dag en nag 'n oostewind laat waai wat die sprinkane aangebring het. Die volgende môre was hulle daar. [14]Hulle het oor Egipte gekom en die hele land vol gesit, 'n yslike groot sprinkaanswerm, soos daar nog nooit tevore was nie en hierna ook nie weer sal wees nie. [15]Die land was toe onder hulle en dit was donker. Hulle het elke groen sprietjie in die land opgevreet, en alles wat na die hael aan die bome oorgebly het. Daar het geen groenigheid aan 'n boom of 'n plant in Egipte oorgebly nie.[16]Die farao laat toe haastig vir Moses en Aäron roep en hy sê: "Ek het verkeerd gedoen teen julle God, die Here, en teen julle! [17]Vergeef tog asseblief net hierdie keer my oortreding! Bid tot julle God, die Here, dat Hy hierdie dood afweer van my af."[18]Moses het van die farao af weggegaan en tot die Here gebid. [19]Toe laat die Here die wind verander in 'n sterk westewind wat die sprinkane opgeskep het en in die Rietsee gegooi het. Daar het nie een enkele sprinkaan in die hele Egiptiese gebied oorgebly nie.[20]Maar die Here het die farao weer koppig gemaak, en hy het die Israeliete nie laat gaan nie."* Exodus 10

Die koning en sy ondersteuners weet baie goed wat hulle verkeerd doen: hulle laat die Here se kinders hulle doodwerk vir niks. Hulle weet baie goed wat die Here sê hulle moet doen: hulle moet die Here se kinders uitlos dat hulle saam met die Here hulle lewe kan gaan leef.

Hulle begin nou al bang word vir die Here, maar hulle wil nog nie doen wat Hy sê nie, daarom máák hulle maar net asof hulle na die Here luister. Hulle sê nét die mans kan die Here gaan dien. Die vrouens en kinders moet agterbly.

Kan julle sien wat doen hulle? Hulle gebruik die vrouens en kinders as gyselaars teen die Here. Hulle maak asof die mans die Here kan gaan dien, maar intussen moet hulle maar net weer terugkom sodat hulle hul weer moet kom doodwerk. As hulle nie terugkom nie, gaan die vrouens en kinders seergemaak word.

Só! Wat doen die boeliekoning saam met al sy boeliemaats? Hulle dreig die Here! Die Here sê dat Hy hulle gaan seermaak as hulle nie na Hom luister nie. Dan sê hulle, maar dan gaan húlle die vrouens en kinders seermaak.

## 3. Die boeliekoning glo dat God hom nie kan keer om vrouens en kinders seer te maak nie

Kyk wat sê die koning vir Moses as Moses sê hy moet die vrouens en kinders uitlos: *"Die Here is net so min met julle as wat ek julle vrouens en kinders saam met julle sal laat gaan. Julle het 'n verkeerde ding in die kop."*

Hy glo hy gaan die vrouens en kinders seermaak as die mans nie vir hom luister nie. Hy glo dat niemand hom kan keer nie. Die Here sal net mooi niks kan doen om te keer dat hy vrouens en kinders seermaak nie.

Kyk hoe snaaks dink die koning! Hy dink die Israeliete het ’n verkeerde ding in hulle kop. Hulle wil hulle nie meer doodwerk vir sy simpel grafsteen nie. Dan sê hy vir hulle dat hulle ’n simpel ding in hulle kop het. Wie het ’n simpel ding in sy kop? Die mense wat hulle nie wil doodwerk vir niks nie, of die koning wat hulle wil doodwerk vir sy simpel grafsteen?

Hy dink húlle het ’n verkeerde ding in hulle kop. Hulle wil wegtrek van hierdie wrede koning en sy ondersteuners af. Hulle wil vry wees van sy mag om hulle te misbruik. Hulle wil die Here gaan dien en saam met Hóm lewe. En die koning sê dit is verkeerde goed in hulle kop.

Wie het verkeerde goed in sy kop? Hulle, of die koning wat hulle hul héle lewe lank wil laat doodwerk vir niks, en hulle misbruik en seermaak net soos hy wil?

Dit is hoe alle boelies dink. Hulle dink jy het ’n verkeerde ding in jou kop as jy dink dat jy saam met die Here wil leef en nie saam met hom as boelie wil leef nie. Hulle is altyd almal simpel in hulle koppe. Dit is hoe die Here hulle dom maak. Hulle dink dis simpel om die Here te wil dien en nie onder mense se mag te wil leef nie.

**4. Die Here breek die koning se mag om sy mense te versorg, hééltemal**

Die Here is die Here wat winde laat waai. Die Here is die Skepper wat insekte laat baie word. Glo dit as julle wil: die Egiptenare het nog ’n sprinkaangod óók gehad! Hulle het geglo hulle sprinkaangod sal hulle altyd help dat die sprinkane hulle nie so baie pla nie.

Maar dit is maar net wat hulle gedink het. Die Here laat die wind waai sodat al die miljoene sprinkane wat Hy gemaak het, oor die koning en sy ondersteuners se lande kom. Onthou, hierdie mense het nie gif gehad om die sprinkane te keer nie.

Al wat nog oorgebly het na die haelstorm, was die koring waarmee hulle darem nog ’n bietjie brood in hulle huise kon hê. Maar nou is alles verby. Die sprinkane eet alles wat in hulle pad kom. Niks kan hulle keer nie. As hulle so oor ’n koringland of oor bome trek, dan vreet hulle álles wat groen is binne minute op en trek verder, tot daar net mooi niks meer oor is nie.

Die Here het ál hulle mag nou gebreek. Daar is nie meer vleis nie, nie melk nie, nie kos vir diere nie, nie trekdiere om kos te gaan haal nie, nie meer brood nie – en dit gaan só wees vir die res van die jaar. Nou gaan almal wat so slim, sterk en groot was, honger en swak wees.

Met al hulle groot paleise, goud, silwer, mooi klere en al hulle waens – is hulle nou bang honger en swak. Die Here het hulle nou heeltemal gebreek. Hulle kragte is nou heeltemal klaar.

Dit is wat die Here doen met boelies wat dink dat hulle vrouens en kinders kan gebruik om die Here bang te maak. Hy breek die mag waarmee hulle vrouens en kinders wil seermaak.

**5. Die Here breek diktators se mag om Sy kinders vry te maak**

Die Here breek diktators se mag. Wat se ding is ’n diktator? Dit is die naam vir iemand wat dink hy het al die mag en krag om altyd met ander mense te kan doen nét wat hy wil. Wie dink julle kan almal diktators wees? Dit kan enigiemand wees. Dit kan ’n boetie of sussie wees wat groter of sterker as jy is. As hulle dink hulle kan altyd net met jou maak wat hulle wil, en jy kan of mag niks daaraan doen nie, dan is hulle diktators. Dit kan ’n pa of ma wees. As ’n pa of ma dink hulle het die krag en mag om met hulle kinders te kan doen net wat hulle wil, en die kinders moet dit maar altyd net so aanvaar – dan is Pa en Ma diktators. Dit kan ook onderwysers wees, of die regeerders van die land.

Wat wys die Here ons, wie sal maak dat diktators net aanhou en aanhou om te doen wat verkeerd is? Dit is die Here! Hoekom maak die Here hulle so dom? Sodat die Here hulle stukkend kan breek en Sy kinders vry kan maak van hulle mag om altyd ander te kan seermaak.

**6. Dit gebeur regtig elke dag**

Wat die Here met die koning van Egipte gedoen het, doen Hy nog elke dag.

Dink bietjie wat doen die Here met president Mugabe van Zimbabwe! Die president maak almal seer: hy vat die boere se plase, hy breek mense se winkels af en hy vat mense se huise weg. Hy vang mense sommer vir niks en sluit hulle in die tronk toe. En al word al hulle geld niks werd nie en al is daar niks meer kos nie, want daar is nie meer boere nie, hou hy net aan en aan en aan.

Hoekom hou hy so aan en aan? Want die Here maak hom dom! Die Here is besig om al die mag wat hy het, stukkend te breek.

Dit is wat die Here orals en altyd met ál die boelies maak – hy maak hulle só dom, dat hulle gebreek word deur hulle eie mag en krag.

**7. Opdrag**

Gaan vra vir enige grootmens wat ’n diktator is. Dan sê julle dit is mense wat dink hulle kan altyd met ander mense maak nét wat hulle wil.

Dan vra julle hoekom hulle altyd aanhou om te doen wat verkeerd is. Die antwoord: dit is hoe die Here hulle stukkend breek.

Pappa of Mamma moet hier teken nadat jy die les vir hulle gewys het:

________________________________
Handtekening: ouer of voog